# PRETORIA WEDVLUGDUIWE UNIE
# PRETORIA RACING PIGEON UNION

Die 2011 weergawe van die Pretoria Wedvlugduiwe Unie (PWDU) se konstitusie is op 16 Maart 2011 deur Die Algemene Jaarvergadering van die PWDU aanvaar.

Hierdie 2011 weergawe van die konstitusie het op 17 Maart 2011 in werking getree.

Die 2011 weergawe is van toepassing op alle klubs soos ge-affilieer by die PWDU en is ook die beherende meganisme waarvolgens die klub sy toegelate lede (die PWDU deelnemers) moet hanteer en waarvolgens verrigtinge by die klubs gereguleer moet word.

Geen persoon sal aanvaar word as lid van ‘n klub en dus oorweeg word as ’n deelnemer in die PWDU, indien hy of sy nie die bepalings van hierdie konstitusie wil aanvaar of deurlopend eerbiedig nie.

Dank en Waardering word uitgespreek aan alle belanghebbendes binne die PWDU wat gedurende 2010 saam aan die wysigings gewerk en insette tot verbetering van die finale produk gelewer het.

Die konstitusie van die PWDU is egter ‘n lewendige dokument wat op demokratiese wyse deurlopend deur die ge-affilieerde klubs (die PWDU se lede) aangepas sal word om met veranderende omstandighede tred te hou.

Voorstelle vir verbetering of wysigings kan dus deur middel van ge-affilieerde klubs se verteenwoordigers ingedien word by die sekretaris van die PWDU vir oorweging deur die bestuurskomitee. Indien die bestuurskomitee van die PWDU ook die voorstelle steun, sal die voorstelle op die algemene jaarvergadering van die PWDU voorgelê word aan die deelnemers vir bespreking, goedkeuring en / of afkeuring.

Sekretaris

# INHOUDSOPGAWE

**Inleiding**

**Definisies**

| | |
|---|---|
| **Naam** | **1** |
| **Doelstellings** | **4** |
| **Bestuurskomitee** | **5** |
| **Bestuurskomiteebevoegdhede** | **7** |
| **Dissiplinêre komitee** | **8** |
| **Beskermheer** | **10** |
| **Geaffilieerde klubs** | **11** |
| **Appèl teen besluit of opdragte van geaffilieerde klubs** | **13** |
| **Lidmaatskap** | **16** |
| **Lewenslange erelede** | **25** |
| **Algemene vergaderings** | **26** |
| **Kennisgewings** | **34** |
| **Ledegeld** | **38** |
| **Finansies** | **46** |
| **Identifikasieringe** | **54** |
| **Wedvlugprogram** | **59** |
| **Welke duiwe mag deelneem** | **62** |
| **Prysgeld en nominasies** | **68** |
| **Inkorwing** | **74** |
| **Seël van korwe** | **84** |
| **Klokreëls** | **86** |
| **Bepaling van afstande** | **112** |
| **Vervoer, begeleiding en loslating van duiwe** | **117** |
| **Oornagwedvlugte** | **128** |
| **Algemeen** | **133** |
| **Wysiging van grondwet** | **145** |
| **Ontbinding van Unie** | **146** |
| **Beslegting van geskille en vertolking van grondwet** | **149** |

**GRONDWET VAN DIE**
**PRETORIASE WEDVLUGDUIWE-UNIE**
**2011 WEERGAWE**

# Inleiding:

Ten einde die wedvlugduiwesport binne die jurisdiksie van die Pretoriase Wedvlugduiwe-Unie op 'n ordelike wyse te reël en te beheer, en regte, verpligtinge en verantwoordelikhede van die beoefenaars van die wedvlugduiwesport duidelik te omskryf, is hierdie grondwet opgestel. Die inwerkingtredings datum van die oorspronklike grondwet is 23 April 1968.

Alle klousules van die oorspronklike grondwet is gedurende 2005 hersien en die doel van hierdie hersiening was:

a) Om te bepaal of die klousules nog almal van toepassings is; en

b) Om voorsiening te maak vir die reëls wat die gebruik van die elektroniese klok stelsels beheer.

Die 2005 veranderings is goedgekeur tydens die algemene jaarvergadering gehou in Maart 2006, waarna die 2006 weergawe op 1 April 2006 in werking getree het.

Alle klousules van die 2006 weergawe is gedurende Augustus 2010 weer hersien en die doel van hierdie hersiening was:

a) Om te bepaal of die klousules nog almal van toepassing is; en

b) Om voorsiening te maak dat lidmaatskap status van die Pretoriase Wedvlugduiwe-Unie op klub vlak gesetel is en dat ingeskrewe lede van klubs se status verander van lede na deelnemers.

Die 2011 weergawe is goedgekeur tydens die Algemene jaarvergadering wat gehou is op 16 Maart 2011 en het op 17 Maart 2011 in werking getree.

# Definisies:

**In hierdie konstitusie geld die onderstaande definisies wanneer die betrokke woorde of sinsnedes in die artikels van die konstitusie gebruik word.**

**Deelnemer**
'n Duiweboer wat lid is van een van die geaffilieerde klubs van die PWDU *en* wat aansoek gedoen het om aan wedvlugte van die PWDU deel te neem en waarvan hierdie aansoek deur die bestuurskomitee van die PWDU goedgekeur is.

**Geaffilieerde Klub of Klub**

’n Organisasie wat gestig is om die sport van wedvlugduiwe binne ’n bepaalde gebied te bevorder en wat reeds by die PWDU aansoek gedoen het om lidmaatskap en waarvan die aansoek om lidmaatskap reeds deur die bestuurskomitee van die PWDU goedgekeur is.

**In Pretoria en onmiddellike omgewing**
Die landdros distrik grense van Pretoria, Cullinan en Rayton soos van tyd tot tyd deur die Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling vasgestel en per kennisgewing in die Staatskoerant gepubliseer is.

**Amptenaar van die Unie**
’n Persoon wat deur die bestuurskomitee van die PWDU aangestel of verkies is om die administratiewe funksies van die PWDU te verrig wat nodig is om uitvoering te gee aan die voorskrifte van die konstitusie van die PWDU of persoon wat enige ander administratiewe funksie verrig in opdrag van die bestuurskomitee van die PWDU.

**Suksesvolle rehabilitasie**
‘n Duiweboer wat lid is van een van die geaffilieerde klubs by die PWDU word ge-ag suksesvol gerehabiliteer te wees as hy al sy uitstaande verpligtinge op finansiele en administratiewe vlak binne die raamwerk van die konstitusie volledig nagekom het sonder enige nuwe geskille vir ‘n tydperk van vyf (5) jaar.

**Sones**
Die afbakening van Pretoria en onmiddellike omgewing is twee of meer gebiede en die vasstelling van die grense van elke afgebakende gebied.

**Unie se affiliasie strukture**
Die organisasie waaraan die PWDU geaffilieer is, gevolg deur die organisasie waaraan hierdie organisasie geaffilieer is en verder op tot by die Suid-Afrikaanse Nasionale Posduif Organisasie.

**Tekort**
Die verskil tussen die totale Inkomste en Uitgawes van die PWDU vir ’n gegewe boekjaar wanneer die Uitgawes die Inkomste oorskry het.

**Wedvlugprogram**
Die skedule wat saamgestel word om die inkorf datums, wedvlug datums, loslatingspunte, gemiddelde afstand vanaf die loslatingspunte na die middelpunt van Pretoria, beplande loslatingstye, tipe wedvlugte , punte reekse en ander toepaslike inligting aan te dui van al die wedvlugte wat die PWDU beplan om tydens die wedvlugseisoen aan te bied.

**Erkende Genootskap**
’n Genootskap wat direk of deur middel van ander genootskappe by die Nasionale Wedvlugduiwe Beheerliggaam van ’n land geaffilieer is.

**Eiendomsreg van Duiwe**

Eiendomsreg van duiwe is die staat van eksklusiewe handelsreg, verantwoordelikheid en beheer oor die duif wat ‘n duiweboer besit terwyl die duif sy wettige eindom is.

**Inskrywingsvorms**
Die voorgeskrewe vorm wat per hand of per rekenaar vooraf in minstens tweevoud deur ’n deelnemer voorberei word en waarop die wedvlug besonderhede, die geslag van elke duif , die identifikasie ring besonderhede van elke duif en die prysgeld en nominasie skema besonderhede van elke duif verskyn wat vir ’n wedvlug ingeskryf word.

**Goedgekeurde GPS**
’n GPS meting apparaat wat die koördinate van enige gegewe posisie in Suid-Afrika binne vyf (5) meter akkuraatheid kan aandui.

## NAAM

1. Die naam van die Unie is die Pretoriase Wedvlugduiwe Unie (PWDU), hierna die Unie genoem.

2. Die Unie is 'n vrywillige private organisasie wat as regspersoon kan dagvaar en gedagvaar kan word en wat vaste en roerende eiendom kan koop of op ander wyses kan bekom, hou en vervreem.

3. Die Unie se geaffilieerde klubs, hierna klub(s) genoem, is saam met die beskermheer en ere-lede, die enigste lede van die Unie en elke klub word as een lid beskou. Die toegelate lede van klubs se status op Unie vlak is die van Unie deelnemers, hierna deelnemer(s) genoem. Die strukture van die Unie, asook die prosesse wat gevolg moet word om deelnemer status in die Unie te verkry, word onder die hoof LIDMAATSKAP bespreek.

## DOELSTELLINGS

4. Die Unie se doelstellings is:

   (a) Om die belange van duiwewedvlugte te bevorder, aan te moedig en in die algemeen te steun en te beskerm.

   (b) Om reëls neer te lê vir die beheer en reël van duiwewedvlugte in Pretoria en onmiddellike omgewing en om sodanige reëls aan te vul of dit te herroep of te wysig, indien nodig, en om die nakoming daarvan af te dwing.

   (c) Om wedvlugduiwe, ringe, klokke, korwe, motorvervoer en ander benodighede wat van tyd tot tyd nodig geag mag word in die belang van die Unie te koop, te huur of op ander wyses te bekom en om dit te verhuur, te verkoop of op ander wyses mee te handel.

(d) Om die teel van wedvlugduiwe te bevorder en aan te moedig.

(e) Om wetgewende maatreëls te bevorder of om die Staat, provinsiale of plaaslike bestuursliggame of owerhede te nader in verband met enige saak wat duiwewedvlugte regstreeks of onregstreeks raak.

(f) Om handelinge uit te voer wat as noodsaaklik beskou word in die belange van die Unie en wat nie met die bepalings van hierdie grondwet bots nie.

(g) Om voortdurend daarna te streef om die prestasie van die duif te erken deur nie ‘n duif te diskwalifiseer weens eenvoudige administratiewe of tegniese foute wat ontstaan het deur ‘n oorsig, of onkunde aan die kant van ’n amptenaar van die Unie of ’n klub nie.

**BESTUURSKOMITEE**

5. (a) Die ingeskrewe lede van elke geaffilieerde klub van die Unie delegeer hul regte en magte na ‘n klub verteenwoordiger wat die ingeskrewe lede van die betrokke klub op Unie vlak verteenwoordig. Die klub verteenwoordiger moet verkieslik die voorsitter van sodanige klub wees en elke klub moet ook 'n sekundus aanstel wat lid van die bestuurskomitee van sodanige klub moet wees, om die plek van sy klub verteenwoordiger in te neem wanneer laasgenoemde afwesig is. Die Unie word bestuur deur ’n bestuurskomitee wat bestaan uit een klub verteenwoordiger van elke klub wat elk oor een stem op die bestuurskomitee beskik. Benewens die klub verteenwoordigers, word daar ook jaarliks by ’n algemene jaarvergadering ’n Unie voorsitter verkies wat as voorsitter van die bestuurskomitee optree en amptenare word deur die klub verteenwoordigers aangewys om die funksies wat verband hou met administratiewe, sekretariële, finansiële, wedvlug administrasie, ring administrasie en vervoer aangeleenthede vir die bestuurskomitee te behartig. Die Unie voorsitter en amptenare besit geen stemreg op die bestuurskomitee nie.

(b) Die voorsitter wat kragtens subartikel 5(a) verkies word, mag vanaf die datum van sy verkiesing in geen komitee van enige geaffilieerde klub dien nie. Uitgesonder dat hy enige klub waarin hy deelneem se bestuur mag ondersteun en adviseer oor enige aangeleentheid wat handel oor die administrasie van die sport.

6. (a) Op sy eerste vergadering na die algemene jaarvergadering moet die bestuurskomitee uit sy eie geledere 'n ondervoorsitter kies en uit die geledere van die deelnemers, asook die breë publiek (indien nodig) 'n sekretaris, tesourier, ringbeampte, vervoerbeampte en 'n wedvlugsekretaris.

(b) 'n Amptenaar (sekretaris, tesourier, ringbeampte, vervoerbeampte, wedvlugsekretaris) wat kragtens subartikel 6(a) verkies word, mag vanaf die datum van sy verkiesing nie as 'n beampte in enige komitee van 'n klub optree, tensy die Unie bestuur dit so goedkeur nie.

(c) Geen persoon wat skuldig bevind is aan ‘n ernstige oortreding deur die kriminele regsplegings proses, mag oorweeg word vir enige gesag posisie binne die Unie of enige klubs wat by die Unie geaffilieer is vir ‘n periode van ten minste vyf (5) jaar na suksesvolle rehabilitasie nie. In ag genome dat geen addisionele kriminele oortredings teen so ‘n persoon suksesvol aanhangig gemaak word gedurende die vyf (5) jaar periode nie, in welke geval die gestelde vyf (5) jaar periode weer van voor af sal moet verstryk vanaf die laaste datum van suksesvolle rehabilitasie.

(d) Geen persoon wat weens dissiplinêre aksies geskors of verhoed was om aan die sport deel te neem vir enige tydperk, mag oorweeg word vir enige gesag posisie binne die Unie of enige klubs wat by die Unie geaffilieer is nie, vir ‘n periode van ten minste vyf (5) jaar na suksesvolle hertoelating tot die sport, in ag genome dat geen addisionele dissiplinêre aksies teen so ‘n persoon suksesvol aanhangig gemaak word gedurende die vyf (5) jaar nie. In welke geval die gestelde vyf (5) jaar periode weer van voor af sal moet verstryk vanaf die datum van die laaste dissiplinêre aksie.

(e) Elke Bestuurslid, amptenaar of werknemer van die Unie word deur die Unie gevrywaar teen enige verliese, heffings, koste, skade, asook teen alle uitgawes wat hy of sy mag aangaan of aanspreeklik voor gehou word op grond van enige rede of handeling of versuim wat ontstaan in die uitvoering van sy of haar pligte, tensy die verlies veroorsaak word deur sy of haar eie nalatigheid, oneerlikheid of kwade trou.

(f) Elke Bestuurslid, amptenaar of werknemer van die Unie word deur die Unie gevrywaar teen geldelike verlies wat gely word as gevolg van 'n regsgeding wat ingestel is teen die Unie of ‘n Bestuurslid, amptenaar of werknemer van die Unie in sy of haar verteenwoordigende hoedanigheid, ongeag die oorsaak waaruit die regsgeding voortspruit. Met dien verstande dat die vrywaring nie uitgebrei kan word na private persoonlike optrede van sodanige Bestuurslid, Amptenaar of werknemer nie.

## BEVOEGDHEDE VAN BESTUURSKOMITEE

7. Die bestuurskomitee het die bevoegdhede om –

(a) vir 'n tydperk, of vir die oorblywende gedeelte van 'n jaar, deelnemers of lede van die breë publiek te koöpteer in; vakatures wat in die komitee ontstaan as gevolg van die afwesigheid, siekte, bedanking of andersins van die sekretaris, tesourier, ringbeampte, vervoerbeampte of wedvlugsekretaris of vir enige ander doel waarvoor die bestuurskomitee dit nodig mag ag om die administrasie van die Unie te laat vlot;

(b) die prosedure vir vergaderings van die komitee voor te skryf, met dien verstande dat –

(i) die sekretaris, tesourier, ringbeampte en die wedvlugsekretaris geen stemreg by enige vergadering van die komitee het nie;

(ii) ten minste vyf-en-sewentig persent (75) van die lede, met die uitsondering van die sekretaris, tesourier, ringbeampte en die wedvlugsekretaris, 'n kworum uitmaak;

(iii) 'n tweederde meerderheid nodig is vir die neem van enige besluite;

(c) sones vir die doeleindes van Unie wedvlugte te bepaal en vas te stel;

(d) verordeninge wat nie strydig met die bepalings van hierdie grondwet is nie, te maak en die geaffilieerde klubs skriftelik daarvan te verwittig;

(e) enige van die magte wat kragtens subartikel 7(r) aan hom gedelegeer, is, te delegeer aan enige bestuurslid. Daar moet by sy volgende vergadering aan die bestuurskomitee verslag gedoen word oor enige handeling wat die betrokke bestuurslid kragtens magte wat aldus gedelegeer is, uitgevoer het;

(f) die beslissing van enige geaffilieerde klub of van sy ampsdraers oor enige saak wat die Unie raak, te hersien, te bekragtig, te wysig of tersyde te stel;

(g) van jaar tot jaar ouditeure aan te stel;

(h) van tyd tot tyd enige toetreegeld in te stel, te wysig of terug te betaal;

(i) uit die fondse tot die beskikking van die Unie bedrae te bewillig as honorarium of bonus vir die sekretaris, tesourier, ringbeampte en die wedvlugsekretaris, of as skenkings of bydraes aan enige liefdadigheidsorganisasie;

(j) enige persoon as werknemer of beampte van die Unie te huur, om sodanige persoon se vergoeding te bepaal en om sy dienste na goeddunke op te skort of hom af te dank;

(k) enige roerende of vaste eiendom, insluitende obligasies, effekte en aandele, te koop, te verkoop, te huur of te verhuur, te wissel, oor te plaas of te ontvang en om al die fondse van die Unie te belê in banke of soortgelyke instellings;

(l) by wyse van resolusie die voorsitter of ondervoorsitter en die tesourier te magtig om namens die Unie alle volmagte, kontrakte of ander aktes of dokumente wat onderteken moet word, te onderteken en om wisselbriewe, promesses, tjeks en ander verhandelbare dokumente in verband met die Unie se sake te trek, te aanvaar, te endosseer, uit te maak en te verhandel;

(m) geld teen die sekuriteit van vaste eiendom of ander bates van die Unie te leen en om verbande daarop te passeer of om ander sekuriteit te verskaf teen terme wat die bestuurskomitee mag goeddink;

(n) in die algemeen met die eiendom en fondse van die Unie te handel vir die doelstellings van die Unie;

(o) regsgedinge namens die Unie in te stel en te verdedig;

(p) te versoek dat spesiale algemene vergaderings belê word;

(q) te vergader op plekke en tye wat hy goeddink, met dien verstande dat die bestuurskomitee minstens een maal per maand, Desember uitgesluit, moet sit.

(r) in die algemeen die sake van die Unie te administreer en te bestuur en om klubs te besoek wanneer inkorwing plaasvind of kloklesings geneem word ten einde seker te maak dat die bepalings van hierdie grondwet en verordeninge nagekom word.

(s) die klub konstitusie van klubs van tyd tot tyd te evalueer en vereistes met betrekking tot die bepalings wat in elke klub se konstitusie vervat is, te stel en te verseker dat sulke vereistes deur die betrokke klub nagekom word.

**DISSIPLINÊRE KOMITEE**

8. Daar moet 'n dissiplinêre komitee wees wat bestaan uit drie (3) persone wat lede van die bestuurskomitee, of deelnemers van die Unie, of onafhanklike buitestaanders kan wees. Die drie persone vorm tesame 'n kworum. Die dissiplinêre komitee word deur die bestuurskomitee aangewys en het die mag

om klagtes wat teen enige klub of enige deelnemer gelê is, te ondersoek en daarna daaroor te besluit en om enige klub of enige deelnemer te berispe, te beboet, te skors en uit te sit indien hy behoorlik daaraan skuldig gevind word dat hy –

(a) willens en wetens die bepalings van hierdie grondwet of die verordeninge wat daar kragtens gemaak is, verbreek het;

(b) opgetree het op 'n wyse wat nadelig is vir die belange of reputasie van die Unie;

(c) opgetree het op 'n wyse wat onbetaamlik is vir ’n klub of deelnemer;

(d) in gebreke gebly het om 'n boete wat deur die dissiplinêre komitee opgelê is, binne 'n maand na die oplegging daarvan te betaal.

9. 'n Appèl teen enige beslissing of opdrag van die dissiplinêre komitee kan deur die bestuurskomitee, betrokke klub of deelnemer aangeteken word, op voorwaarde dat –

(a) in die geval van ’n appèl deur die bestuurskomitee, daar binne sewe (7) dae vanaf die datum van die besluit of opdrag waarteen geappelleer word, ’n spesiale bestuurs vergadering gehou word om die volledige besonderhede waarop die appèl gebaseer word te notuleer.

(b) in die geval waar ’n klub of deelnemer appel aanteken, daar skriftelik deur die betrokke party(e) aan die sekretaris kennis van appèl gegee word, met volle besonderhede van die rede vir die appèl;

(c) ’n appèl deur die bestuurskomitee deur die volgende hoër organisasie in die Unie se affiliasie strukture aangehoor moet word;

(d) in gevalle waar ’n klub of deelnemer betrokke is, beskik die bestuurskomitee oor die mag om die besluit van die dissiplinêre komitee te bekragtig, te wysig of op enige wyse hoegenaamd ter syde te stel;

**BESKERMHEER**

10. (a) Indien 'n persoon aansien in die gemeenskap het, 'n belangstelling in die wedvlugduiwesport openbaar, en kan meehelp om toestande te skep wat tot die bevordering van die wedvlugduiwesport sal bydra, kan hy vir 'n tydperk van drie (3) jaar as die beskermheer van die Unie aangewys word. Aanwysings as beskermheer kan slegs geskied na 'n besluit te dien effekte deur minstens twee-derdes van die aanwesige lede op 'n algemene jaarvergadering.

(b) 'n Beskermheer betaal geen ledegeld nie, het sittings reg op alle algemene en bestuursvergaderings, maar beskik nie oor stemreg nie en word ook nie bygereken wanneer 'n kworum bepaal word nie.

(c) Beskermheerskap kan slegs voor verstryking van die aanwysings termyn beëdig word indien hy self bedank, maar 'n beskermheer mag na verstryking van die aanwysings termyn weer as beskermheer aangewys word.

10A Aangesien die Unie by SANPO ge-affilieer is, is alle SANPO voorskrifte en verordeninge *ipso facto* op die Unie van toepassing. Dit sluit *inter alia* in alle bepalings oor die toets en gebruik van verbode middels asook die reg van die bestuurskomitee om enige deelnemer se duiwe op enige tyd en enige plek te onderwerp aan toetse vir verbode middels. Indien enige deelnemer sulke toetse doelbewus fnuik, omseil of weier, stel hy homself bloot aan dissiplinêre optrede wat by skuldig bevinding kan lei tot diskwalifikasie en/of skorsing en kan alle prestasies wat die betrokke deelnemer tot op hede vir die betrokke wedvlug seisoen in die Unie behaal het, hom ontneem word.

10B Aangesien alle wedvlugte soos gereël asook die hantering en behandeling van wedvlugduiwe onder die wet op diere beskerming moet plaasvind, stel enige deelnemer wat hom nie aan die voorskrifte van hierdie wet onderwerp nie, homself bloot aan dissiplinêre optrede wat by skuldig bevinding kan lei tot skorsing. So 'n deelnemer sal sodra die dissiplinêre proses ’n aanvang neem en totdat die dissiplinêre proses afgehandel is, alle regte en voorregte onder hierdie konstitusie verbeur en nie toegelaat word om as deelnemer aan wedvlugte van die Unie deel te neem nie, met geen remedies aangaande die aangeleentheid nie.

## GEAFFILIEERDE KLUBS

11. Enige wedvlug duiweklub in Pretoria en onmiddellike omgewing, met ten minste twaalf (12) lede, mag by die Unie affilieer. Sodra die ledetal van enige geaffilieerde klub afneem tot minder as nege (9) lede, is die betrokke klub verplig om voor 31 Desember van die betrokke jaar voldoende nuwe lede te werf om die saak reg te stel, of so nie, moet die betrokke klub ’n spesiale vergadering belê en tydens hierdie spesiale vergadering by wyse van resolusie besluit om met een van die ander geaffilieerde klubs saam te smelt, of om te ontbind.

12. Aansoek om affiliasie moet gedoen word op die wyse wat van tyd tot tyd deur die bestuurskomitee voorgeskryf word. Die bestuurskomitee kan enige aansoek goedkeur, voorwaardelik goedkeur of verwerp, en in die geval van verwerping mag daar binne ses (6) maande vanaf die datum van verwerping nie weer aansoek gedoen word nie.

## APPÈL TEEN BESLUITE OF OPDRAGTE VAN GEAFFILIEERDE KLUBS

13. Enige deelnemer kan by die bestuurskomitee appelleer teen enige besluit of opdrag van die geaffilieerde klub waarvan hy lid is, op voorwaarde dat –

    (a) die sekretaris binne sewe (7) dae vanaf die datum van die beslissing of opdrag waarteen geappelleer word, skriftelik kennis van appèl gegee word met volle besonderhede van die rede vir die appèl;

    (b) indien enige persoon wat deelgeneem het aan die verrigtinge van die klub wat vir die beslissing of opdrag verantwoordelik is, 'n verteenwoordiger in die bestuurskomitee is, hy hom by die aanhoor van die appèl moet onttrek;

    (c) die vakature wat aldus in die bestuurskomitee ontstaan deur die bestuurskomitee of soortgelyke liggaam van die betrokke klub gevul moet word;

    (d) die kworum van die bestuurskomitee by die aanhoor van 'n appèl sal wees een meer as die helfte van die lede van die bestuurskomitee;

    (e) 'n bedrag van R200,00 saam met die kennis van appèl betaal word;

    (f) die bestuurskomitee die mag het om enige beslissing of opdrag van 'n klub te bekragtig, te wysig of ter syde te stel op enige wyse hoegenaamd en enige beslissing van die bestuurskomitee is finaal en bindend.

14. Dit berus uitsluitlik in die diskresie van die bestuurskomitee of hy by die aanhoor van enige appèl mondelinge getuienis wil aanhoor en hy mag na goeddunke gelas dat die voormelde bedrag van R200,00 terugbetaal of behou word.

15. Dit is onwettig om stemme of steun te werf in verband met enige appèl en dit sal die klub of die deelnemer blootstel aan skorsing of uitsetting uit die Unie, volgens die uitsluitlike en absolute goeddunke van die bestuurskomitee.

## LIDMAATSKAP

16. Behoudens die bepalings van artikel 25, moet enige persoon wat aan Unie wedvlugte wil deelneem, op die voorgeskrewe wyse by een van die Unie se geaffilieerde klubs, 'n aansoek indien, behoorlik ondersteun deur 'n voorsteller en sekondant wat lede van die betrokke klub moet wees, tesame met 'n klaringsertifikaat van sy vorige klub, indien van toepassing.

17. 'n Klub mag nie 'n aansoek om lidmaatskap van enige persoon aanvaar indien die persoon se naam van die lidmaatskap lys van ’n vorige klub of vereniging geskrap is of indien die persoon in gebreke bly om 'n sertifikaat in te dien dat hy sodanige klub of vereniging met 'n goeie naam verlaat het nie.

18. Na goedkeuring van 'n aansoek om lidmaatskap, moet die klub verteenwoordiger ’n aansoek om deelname van die betrokke persoon, namens hom by die sekretaris van die Unie indien.

19. 'n Aansoeker kan slegs lid van ‘n klub en deelnemer in die Unie word nadat sy aansoek om deelname deur die bestuurskomitee van die Unie goedgekeur is.

20. Indien enige persoon wat toegelaat is as Unie deelnemer, ophou om lid te wees van ’n klub, verval sy goedgekeurde deelnemer status op Unie vlak op dieselfde datum.

21. 'n Deelnemer word nie toegelaat om lid van meer as een klub te wees nie, hetsy as indiwidu of in vennootskap. Deelnemers mag vennootskappe vorm en onder die naam van ’n vennootskap aan wedvlugte deelneem, maar slegs een persoon van enige vennootskap word as die amptelike deelnemer erken en moet vooraf deur die vennootskap as sodanig benoem word. Alle lede van ’n vennootskap se permanente verblyf adres moet in Pretoria en onmiddellike omgewing wees. Deelnemers mag onder die naam van ’n borg of borge aan wedvlugte deelneem, maar die ooreenkoms tussen die borg en die deelnemer is ’n privaat aangeleentheid buite die betrokke klub. Die betrokke klub of die Unie sal onder geen omstandighede aanspreeklikheid aanvaar of betrokke raak by enige geskil of dispuut wat uit borgskap ooreenkomste spruit nie. Persone wat onder die naam van ’n borg deelneem moet steeds die volle persoonlike besonderhede van die amptelike deelnemer bekend maak.

22. Deelnemer status in die Unie word op ’n jaar-tot-jaar-grondslag deur die bestuurskomitee toegestaan en verval sewe (7) dae na die afhandeling van die finale wedvlug van die hoof wedvlug seisoen van die jaar. Die Unie bestuurskomitee sal geen redes verstrek indien deelnemer status nie toegestaan word nie. Deelnemer status kan ook deur die bestuurskomitee gekanselleer word indien daar na die mening van die bestuurskomitee 'n wesenlik wanvoorstelling of fout met betrekking tot die deelnemer was. Alle bestaande deelnemers moet jaarliks tussen 1 September en 15 September aansoek doen om deelnemer status vir die volgende jaar en die bestuurskomitee moet tydens sy maandelikse vergadering van September die aansoeke afhandel.

22A. Vir doeleindes van ordelike oorskakeling na hierdie 2011 weergawe van die konstitusie, word daar op die datum van inwerking treding van hierdie 2011 weergawe van die konstitusie, outomaties aan alle persone wat bestaande lede van die Unie is en aan die verblyf adres vereistes van artikel 21 voldoen, deelnemer status in die Unie toegeken. Hierdie outomatiese deelnemer status

verval sewe (7) dae na die afhandeling van die finale wedvlug van die hoof wedvlug seisoen van die betrokke jaar en verdere aansoeke om deelnemer status moet na hierdie eerste toekenning van deelnemer status in ooreenstemming met die bepalings van artikel 22 geskied. Lede of vennote van lede wat nie aan die verblyf adres vereistes van artikel 21 voldoen nie, se lidmaatskap van die Unie verval outomaties op die inwerking treding datum van hierdie 2011 weergawe van die konstitusie en sulke lede of vennote ontvang nie outomatiese deelnemer status nie.

23. Elke lid van elke klub moet sy of haar adres of adresverandering deur sy klub by die sekretaris van die Unie laat aanteken.

24 Geen klub of lid van 'n klub het enige reg of aanspraak op die eiendom of fondse van die Unie nie.

24A Lede van geaffilieerde klubs aan wie deelnemer status toegeken is, maar wat nie aan enige wedvlugte deelneem nie, kwalifiseer as rustende deelnemers maar hierdie rustende deelnemer status word tot twee jaar beperk.

**LEWENSLANGE ERELEDE**

25. Enige persoon wat die Unie lank en getrou gedien het, of enige persoon wat lang en verdienstelike diens aan die wedvlugduiwesport gelewer het, kan, op aanbeveling van die bestuurskomitee en nadat daardie komitee behoorlik daarvan kennis gegee het, op 'n algemene jaarvergadering tot lewenslange erelid van die Unie verkies word.

**ALGEMENE VERGADERINGS**

26. 'n Algemene jaarvergadering van deelnemers moet so gou doenlik na afsluiting van die Unie se boekjaar gehou word, maar nie later nie as 15 April van elke jaar. Die punte wat op die agenda van 'n Algemene jaarvergadering moet verskyn, is die volgende:

(a) Kennisname van die Finansiële State van die vorige boekjaar soos vooraf goedgekeur deur die bestuurskomitee.

(b) Die Voorsitter se verslag oor die werksaamhede van die Unie vir die vorige jaar.

(c) Die bepaling van die prysgeld gedeelte asook enige aankoop voorwaardes van Derby ringe vir die volgende jaar.

(d) Die voorlegging en goedkeuring/afkeuring van enige konstitusionele wysigings wat deur die bestuurskomitee voorgestel word.

(e) Die verkiesing van ’n Voorsitter vir die tydperk tot die volgende Algemene jaarvergadering.

(f) Enige ander belangrike saak waaroor die besluit, na die mening van die bestuurskomitee, nie deur die bestuurskomitee self nie, maar deur die deelnemers van die Unie geneem moet word.

27. 'n Spesiale algemene vergadering van deelnemers word kragtens 'n besluit van die bestuurskomitee gehou om enige dringende belangrike saak te bespreek en daaroor te besluit indien die bestuurskomitee van mening is dat die betrokke besluit deur die deelnemers van die Unie geneem moet word. Of na ontvangs deur die sekretaris van 'n skriftelike versoek waarin die doel van die vergadering uiteengesit is, van minstens twee klubs. Sulke skriftelike versoeke moet deur al die bestuurslede van die betrokke klubs onderteken wees en die bestuurskomitee van die Unie moet ook by wyse van resolusie goedkeuring daaraan gee dat die versoek na die deelnemers van die Unie verwys moet word vir bespreking en besluitneming daaroor.

28. Dertig (30) deelnemers maak 'n kworum uit by algemene vergaderings.

29. Indien daar binne dertig (30) minute na die vasgestelde aanvangstyd van 'n algemene jaarvergadering of spesiale algemene vergadering nie 'n kworum aanwesig is nie, word sodanige vergadering verdaag tot dieselfde tyd een week later en op dieselfde plek en dan maak die deelnemers wat wel teenwoordig is, 'n kworum uit en is hulle geregtig om die sake van die vergadering af te handel.

30. 'n algemene jaarvergadering het, onderworpe aan artikel 145, slegs die bevoegdheid om sake wat op sy sakelys verskyn, asook die verkiesing van 'n voorsitter, te opper, te bespreek en daaroor te besluit.

31. 'n Spesiale algemene vergadering het slegs die bevoegdheid om die spesifieke sake wat vir oorweging in die kennisgewing van die vergadering uiteengesit is, te opper, te bespreek en daaroor te besluit.

32. Die voorsitter, ondervoorsitter of, in hul afwesigheid, enige deelnemer wat deur die vergadering verkies word, mag as voorsitter van 'n algemene vergadering optree.

33. Die voorsitter skryf die prosedure voor wat by enige algemene vergadering gevolg word, behalwe dat –

(a) daar oor alle sake besluit word deur die opsteek van hande, met dien verstande dat die beslissings per stembrief geneem moet word na 'n mosie te dien effekte wat behoorlik gesekondeer is;

(b) die voorsitter 'n beslissende stem het in die geval van staking van stemme;

(c) 'n algemene vergadering verdaag kan word tot sodanige tyd as wat die meerderheid van die lede aandui, met dien verstande dat daar by die verdaagde vergadering geen sake behandel mag word wat nie by die oorspronklike vergadering behandel kon gewees het nie en dat daar nie kennis van sodanige verdaging gegee hoef te word nie.

**KENNISGEWINGS**

34. Algemene vergaderings word belê deur die sekretaris wat volgens die bepalings van artikel 35 kennis daarvan moet gee. In geval van algemene jaarvergaderings en spesiale algemene vergaderings moet kennis daarvan gegee word onderskeidelik vier (4) weke en twee (2) weke voor die datum van die vergaderings en die sakelys moet in die kennisgewings uiteengesit wees.

35. Enige kennisgewing aan 'n deelnemer, van welke aard ook al, word per elektroniese pos uitgestuur na die elektroniese pos adres wat vir die betrokke persoon op rekord is. Vir deelnemers wat nie oor 'n elektroniese pos adres beskik nie, word ’n gedrukte kennisgewing aan die betrokke klub se verteenwoordiger gegee vir verdere verspreiding. Die klub verteenwoordiger moet die nodige aantal afskrifte van die gedrukte kennisgewing maak en aan die betrokke deelnemers oorhandig. Hierdie oorhandiging moet binne drie (3) dae nadat die gedrukte kennisgewing van die Unie ontvang is, geskied.

36. Indien daar per abuis nagelaat word om kennis te gee van enige vergadering aan enige persoon of persone wat daarop geregtig is om teenwoordig te wees, veroorsaak so ‘n late of nalate nie dat die verrigtinge van daardie vergadering ongeldig is nie.

37. ‘n Rekord van alle verordeninge moet deurlopend opgestel en bygehou word. Wanneer enige aspek wysig, moet elke klub ‘n afskrif verkry waarop die veranderings duidelik uiteengesit is. Sodanige wysigings moet dan deur elke klub onder die deelnemers se aandag gebring word. Dit bly egter die deelnemers se verantwoordelikheid om voortdurend op bly met alle veranderings.

**LEDEGELD**

38. Elke deelnemer moet jaarliks sodanige ledegeld en vervoerkoste as waarop die bestuurskomitee besluit, by sy klub inbetaal.

39. Ledegeld en vervoerkoste wat deur die deelnemers inbetaal is, moet deur die klubs in die paaiemente en teen die sperdatums wat neergelê is, aan die Unie oorbetaal word.

40. Oorbetalings aan die Unie moet direk in die Unie se bankrekening gedeponeer word, of per elektroniese oordrag na die Unie se bankrekening oorgedra word. Klubs moet vir elke betaling aan die Unie, ’n gedetailleerde staat aan die Unie voorsien wat aandui waarvoor die betaling gemaak word.

41. Enige deelnemer wat in gebreke bly om sy uitstaande rekening by sy klub teen 31 Desember ten volle te vereffen, of wie se aansoek om deelnemer status vir die nuwe jaar nie goedgekeur is nie, word nie toegelaat en is nie geregtig daarop om vanaf 1 Januarie: identifikasieringe te kry, by enige algemene vergadering van sy klub of die Unie te stem of aan enige oefenvlug of wedvlug deel te neem nie, tot tyd en wyl sy uitstaande rekening van die vorige jaar ten volle aan sy klub vereffen is nie, of sy deelnemer status goedgekeur word nie.

42. Die Unie bestuur mag na goeddunke aan deelnemers wat as verdienstelike gevalle beskou word op grond van hul ouderdom en finansiële posisie, kortings van tot 90% op hul jaarlikse ledegeld en vervoerkoste toestaan.

42A Deelnemers wat gesien word as “Beginners” en vir die eerste keer in hulle lewe aan die duiwesport deelneem en slegs deelneem tot die naweek van die laaste jaaroud wedvlug, ontvang in hul eerste jaar van deelname ’n korting van 90% op hul jaarlikse ledegeld en vervoerkoste.

43. Waar 'n duiwehok deur 'n vennootskap besit of beheer word, word die vennootskap vir die doeleindes van die heffing van die jaarlikse ledegeld as een deelnemer beskou en slegs die jaarlikse ledegeld vir een persoon is aan die Unie betaalbaar.

43A Enige deelnemer kan 'n tweede span duiwe inskryf, maar slegs indien die Unie bestuur aangedui het dat daar genoegsaam spasie op die vragmotors is. Deelnemers wat twee spanne inskryf sal vir die doeleindes van vervoer aangeslaan word vir die gesamentlike koste van die gekose twee pakkette en 1.3 keer van die koste van standaard ledegeld. Sulke deelnemers sal egter binne klub verband asook tydens algemene jaarvergaderings of spesiale algemene vergaderings van die Unie, oor slegs een stem beskik.

44. Enige deelnemer wat voornemens is om uit sy klub te bedank, moet sy klub voor of op 1 Maart skriftelik van sy bedanking verwittig, of is so nie aanspreeklik vir die Unie ledegeld vir daardie jaar.

45. Enige deelnemer wie se lidmaatskap gekanselleer is, of wat uitgesit of geskors is of wat bedank het, bly aanspreeklik vir ledegeld wat nog betaalbaar is of gelde wat hy nog nie betaal het nie. Die betrokke klub moet ook die sekretaris van die Unie onmiddellik skriftelik in kennis stel wanneer ’n lid van die klub uitgesit of geskors is of bedank het.

**FINANSIES**

46. Die Unie boekjaar strek van die 1ste dag van Januarie van enige gegewe jaar tot die 31ste dag van Desember van dieselfde jaar. Die geaffilieerde klubs se boekjaar sal oor dieselfde tydperk strek.

47. Die Unie moet behoorlik boekhou, of laat boekhou, van die Unie se sake en die bestuurskomitee moet by elke algemene jaarvergadering 'n balansstaat, 'n inkomste- en uitgawestaat en 'n oudit verslag van die Unie se sake indien.

48. Die Unie se boeke en rekeninge moet so gou moontlik na die afsluiting van elke boekjaar gebalanseer en dan geouditeer word.

49. Enige tekort wat gedurende 'n wedvlugseisoen mag ontstaan, moet by wyse van 'n pro rata-heffing op elke klub aangesuiwer word en sodanige betaling moet geskied op die wyse en binne die tydperk wat die bestuurskomitee bepaal.

50. Alle transaksies met die Unie moet per direkte deposito of elektroniese oordrag plaasvind. Geen transaksies vind direk tussen deelnemers en die Unie plaas nie. Alle transaksies moet via die klub se rekening en klub tesourier vloei.

51. Daar sal jaarliks voor die aanvang van die wedvlugseisoen ‘n spesiale vergadering tussen die Unie tesourier en die klubs se tesouriers plaasvind. Tydens hierdie vergadering sal die Unie tesourier die boekhou stelsel wat gedurende die jaar gevolg moet word asook al die finansiële riglyne wat deur die klubs nagekom moet word, verduidelik en aan die klubs se tesouriers voorhou.

51A Elke klub moet op die wyse soos in artikel 51 deur die Unie tesourier voorgeskryf, boekhou of laat boekhou. Klubs se boeke moet te alle redelike tye beskikbaar wees vir inspeksie deur die bestuurskomitee en aan die einde van elke boekjaar geoudit word. Die oudit proses moet voor of op 1 Maart voltooi wees en afskrifte van die geouditeerde balansstaat en inkomste- en uitgawestaat moet by die Unie ingedien word.

52. Elke klub is daarop geregtig om te alle redelike tye die rekeningboeke en ander stukke van die Unie te inspekteer en die sekretaris, tesourier, ringbeampte en die wedvlugsekretaris of ander bewaarder is dienooreenkomstig verplig om dit te oorhandig.

53. Elke klub, lid van die bestuurskomitee, beampte, agent of dienaar van die Unie word uit laasgenoemde se fondse vergoed vir enige koste, onkoste, uitgawe, verlies en verpligting wat aangegaan is in die bestuur van die Unie se sake of in die uitvoering van Unie pligte en geen sodanige klub of persoon is aanspreeklik vir die optrede of pligsversuim van enige ander persoon op grond daarvan dat hy deel gehad het in die ontvangs van geld wat hy nie persoonlik

ontvang het nie, of vir enige verlies op grond van 'n defek in die eiendomsreg van enige eiendom wat die Unie bekom het, of op grond van die ontoereikendheid van enige sekuriteit waarin enige geld van die Unie belê is, of vir enige verlies wat gely is om enige rede hoegenaamd anders as sy eie opsetlike optrede of wanprestasie.

**IDENTIFIKASIERINGE**

54. Letters, jaar van uitreiking en 'n volgnommer moet op elke identifikasiering wat deur die Unie of ander erkende wedvlugduiwe-organisasies uitgereik is, verskyn en die besonderhede, met uitsondering van die eeu wat weggelaat mag word, moet presies so op die wedvlug inskrywingsvorm aangedui word.

55. Geskrap.

56. Die uitreikings datum van identifikasieringe is die eerste dag van Januarie van elke jaar.

57. Geen duif, wat vir wedvlugte ingeskryf word, mag meer as een erkende identifikasiering dra nie en ook geen naamring of 'n ander ring wat die eienaar identifiseer nie.

58. Geen klub of deelnemer is daarop geregtig om aangekoopte identifikasieringe terug te stuur teen terugbetaling van die bedrag wat daarvoor betaal is nie.

**WEDVLUGPROGRAM**

59. Die wedvlugprogram word deur die bestuurskomitee opgestel, met die voorbehoud dat die bestuurskomitee die verantwoordelikheid mag delegeer na ‘n genomineerde lid of sub-komitee van die bestuurskomitee.

59A ‘n Konsep wedvlugprogram sal elke jaar aan elke ge-affilieerde klub beskikbaar gestel word ten minste (1) maand voordat so ‘n program gefinaliseer word. Alle klubs is verplig om ‘n vergadering met die klub se deelnemende lede te hou waartydens die konsep wedvlugprogram bespreek word en die kommentaar gekonsolideer word vir terugvoering aan die Unie se bestuurskomitee.

60. Die wedvlugroete word deur die bestuurskomitee bepaal, met dien verstande dat, mits onvoorsiene omstandighede dit anders wil, daar nie sonder meer van die roete van die TRPF of enige ander organisasie waarmee gesamentlike loslatings plaasvind, afgewyk sal word nie. Aangesien daar oorwegend gepoog word om gesamentlike loslatings saam met ander organisasies na te streef, is daar geen waarborg dat enige wedvlugpunt deurlopend, jaar na jaar op die program aanwesig sal wees nie. Die besluit oor wedvlugpunte is uitsluitlik in die hande van die bestuurskomitee, wie se beslissing daaroor finaal en bindend sal wees. Aangesien onvoorsiene omstandighede en Force

Majeur ook ‘n pertinente rol speel tydens die wedvlugseisoen, beskik die bestuurskomitee oor die bevoegdheid om ‘n spesifieke wedvlugpunt of beplande loslatingstyd op ‘n bepaalde naweek en op kort kennisgewing, na goeddunke te wysig.

61. 'n Wedvlugprogram vir elke reeks met volledige besonderhede soos inkorf en loslatings datums, loslating plekke, prysgeld en nominasie skemas en so meer, moet minstens twee (2) maande voor die eerste wedvlug aan elke geaffilieerde klub beskikbaar gestel word.

**WELKE DUIWE MAG DEELNEEM**

62. Duiwe wat aan wedvlugte deelneem, moet die amptelike identifikasiering, wat deur die Unie of erkende genootskap uitgereik is, dra.

63. Slegs duiwe gering met amptelike identifikasieringe, wat deur die Unie uitgereik en toegewys is as Derbyringe, mag aan die Derbywedvlug deelneem, met dien verstande dat deelnemers wat na 1 Desember vanaf ’n ander organisasie by een van die klubs van die Unie aansluit, in hul eerste jaar van deelname in die Unie, ringe wat by die vorige organisasie as Derbyringe aangekoop is, as Unie Derbyringe mag registreer. Die volle reeks(e) wat by die vorige organisasie aangekoop is moet geregistreer word teen ‘n koste per ring gelykstaande aan die Unie se prys vir Derbyringe vir die betrokke jaar.

64. Slegs duiwe wat gering is met ringe waarvan die jaartal gelykstaande is aan die vorige jaar, mag aan jaaroud wedvlugte deelneem.

64A Geskrap.

65. In die geval van 'n dispuut oor eiendomsreg van duiwe, wat vir 'n wedvlug ingeskryf is of in die Unie-uitslae figureer, rus die onus op die deelnemer wat die duif ingeskryf het, om te bewys dat die ingeskrewe duif sy wettige eiendom is, of dat hy oor die nodige magtiging beskik van die eienaar om wel die duif vir die wedvlug te mag inskryf.

66. 'n Deelnemer mag nie verdwaalde duiwe vir homself toe-eien nie en moet die voorgeskrewe proses van SANPO volg om die wettige eienaar(s) van sodanige duiwe op te spoor.

67. Identifikasieringe wat aan deelnemers verkoop of verskaf word, moet deur die betrokke klubs op die name van sodanige deelnemers geregistreer word. Die registrasie lyste moet die naam van die deelnemer, sy telefoonnommer en die nommers van die ringe aan hom gelewer, aandui en ‘n afskrif van hierdie registrasie lyste moet minstens twee keer per jaar aan die ringbeampte voorsien word.

## PRYSGELD EN NOMINASIES

68. Die inskrywingsgeld betaalbaar, of die getal plekke wat vir prysgeld in aanmerking sal kom en die verdeling daarvan word deur die bestuurskomitee bepaal. Indien minder as die vereiste getal duiwe in die vereiste wedvlugtyd terugkeer, word al die prysgeld toegeken aan die duiwe wat wel plekke behaal het, in verhouding soos van toepassing op die betrokke wedvlug, met dien verstande dat met uitsondering van die Derbywedvlug inskrywingsgeld nie verpligtend sal wees nie.

69. Elke klub word verantwoordelik gehou vir die invordering van Unie prysgeld en nominasie inskrywingsgelde wat verband hou met Unie wedvlugte en die oorbetaling daarvan aan die Unie.

70. Elke wedvlug word beslis volgens die stelsel van snelheid, bereken volgens die reguit afstand, soos per GPS metings, wat bepaal is met ’n GPS instrument en lesing formaat wat deur die bestuurskomitee goedgekeur is, en die tydsverloop tussen loslatingstyd en kloktyd. Die duif wat wen het die grootste getal meters per minuut afgelê en daarna word die plekke gevul in volgorde van die volgende grootste getal meters per minuut.

71. Prysgeld wat gebaseer is op inskrywingsgeld moet binne vyftien (15) dae na die publikasie van die betrokke wedvlugte se uitslae uitbetaal word en nadat enige dispute wat binne sewe (7) dae aanhangig gemaak is, afgehandel is.

72. Nominasie skemas en gepaardgaande inskrywings reëls en -prysgeld word deur die bestuurskomitee bepaal. Prysgeld ten opsigte van sulke nominasie skemas word soos in die bepalings van artikel 71 uitbetaal. Geen nominasie word aangeneem tensy dit op die inkorfaand duidelik op die inskrywingsvorms aangedui is, en geen nominasie mag teruggetrek word nadat die duiwe wettiglik ingekorf en in die wedvlug korwe geplaas is nie.

73. Ponton en potgeld wat nie aan die einde van 'n wedvlugreeks gewen is nie, word nie terugbetaal nie, maar gaan ter stywing van die fondse van die Unie.

## INKORWING

74. Inkorwing en ring van wedvlugduiwe mag nie 'n aanvang neem alvorens daar nie minstens ses (6) deelnemers wat aan die betrokke naweek se wedvlugte deelneem, by die betrokke inkorfpunt teenwoordig is nie.

75. Alle duiwe wat in wedvlugte meeding, moet van rubber wedvlug ringe of elektroniese ringe wat deur die bestuurskomitee van die Unie goedgekeur is, voorsien word.

75A Die volgende reëls sal van toepassing wees vir elektroniese klok en skandeer stelsels gedurende die inkorf van duiwe vir wedvlugte:-

a) Die registrasie skandeer stelsel (klub antenna / klub eenheid / CAN) en sekuriteit sleutels moet deur die wedvlugsekretaris van die betrokke klub in ‘n oop en bereikbare posisie opgestel word volgens die normale en aanbevole operasionele prosedures. Die boonste vlak en die sykante van die registrasie eenheid moet duidelik sigbaar wees;

b) Enige persoon wat die skandeerder nader om ‘n duif se ring te kontroleer vir registrasie op die stelsel, mag geensins enige juweliersware soos ringe en armbande, of enige pleisters, horlosies, of enige ander item aan sy hande of arms tot en met sy elmboë gevestig hê nie;

c) Moue moet opgerol wees om kaal voorarms te vertoon en voordat enige elektroniese ring geskandeer word, moet die persoon wat die duiwe hanteer se hande op die skandeerder en sy vingers in die holte van die skandeerder geplaas word sodat daar bo alle redelike twyfel bevestig kan word dat daar nêrens in of op sy hande enige RFID identifiseerder vasgeheg is nie. Slegs nadat hierdie prosedure nagekom is, mag die persoon ’n duif neem en voortgaan met die proses van elektroniese registrasie;

d) Dit is die prerogatief van die bestuurskomitee van die klub om te versoek dat enige deelnemer of sy verteenwoordiger, te enige tyd gedurende die registrasie proses, sy hande moet her-skandeer;

e) Om ‘n duif vir ’n wedvlug te registreer moet die ring besonderhede op die identifikasie ring hardop aan die beampte wat die inskrywingsvorms kontroleer, uitgelees word. Daarna word die duif se poot, met die elektroniese ring aan, in die holte van die skandeerder geplaas en die deelnemer of sy verteenwoordiger moet wag dat die elektroniese klok die detail van die elektroniese ring op die elektroniese klok se skerm vertoon. Die beampte wat die inskrywingsvorms kontroleer sal dan die besonderhede op die inskrywingsvorm vergelyk met die besonderhede soos wat dit op die elektroniese skerm van die klok vertoon word. Indien die besonderhede ooreen stem, mag die duif in die wedvlug korf geplaas word.

f) Indien die besonderhede op die inskrywingsvorm verskil met die op die identifikasiering van die duif, moet die inskrywingsvorm dienooreenkomstig aangepas word. Indien die besonderhede soos vertoon op die elektroniese klok verskil met die besonderhede van die duif se identifikasiering, moet die verskil op die inskrywingsvorm aangeteken word en die beampte moet daarby teken voordat die duif in die wedvlug korf (mandjie) geplaas word. (*Hierdie stap is ’n toegewing, en die deelnemer, die wedvlugsekretaris van die klub en die klub se klok komitee moet hierdie situasie binne sewe (7) dae korrigeer,*

*aangesien so ‘n duif nie ’n volgende keer toegelaat sal word om in ’n wedvlug deel te neem met verkeerde elektroniese ring besonderhede nie;)*

g) Enige duif met ’n elektroniese ring wat nie reageer op die skandering proses nie, mag nie gemandjie word alvorens ‘n werkende elektroniese ring aan die duif se poot geplaas is, en die deelnemer se elektroniese klok stelsel opgedateer is met die gewysigde besonderhede nie. Dit is die deelnemer se verantwoordelikheid, om voordat duiwe op inkorf aande aangebied word vir registrasie, te verseker dat al sy duiwe oor geldige, geregistreerde en werkende elektroniese ringe beskik wat ook deur sy klub se registrasie eenheid aanvaar word;

76. Die getal rubberringe met papieretikette nodig vir die inkorwing van 'n deelnemer se duiwe moet, voordat sy duiwe met die rubberringe gering word, so vir die betrokke duiwe afgesonder word dat die deelnemer nie daartoe toegang het nie.

77. Dit is elke klub se prerogatief om te besluit of deelnemers of hul verteenwoordigers toegelaat word om hul eie duiwe te hanteer met die doel om hulle met rubberringe te ring, of om hul elektroniese ringe te skandeer en daarna in 'n wedvlugkorf te plaas.

78. Indien ‘n klub besluit dat deelnemers nie hul eie duiwe mag hanteer tydens inkorwing nie, moet mede deelnemers die duiwe hanteer om die inkorwing prosedure na te kom. Dit behels die dra van die duiwe na die ringer of skandeerder, die uitlees van 'n betrokke duif se ring besonderhede, die plasing van die duif se poort in 'n ringer of skandeerder vir die aanbring van ’n rubberring of die verifikasie van die elektroniese ring besonderhede, asook die plasing van die duif in 'n wedvlugkorf.

78A. Indien ‘n klub verkies om deelnemers toe te laat om hul eie duiwe te hanteer, moet die volgende proses streng nagevolg word.

(a) Die deelnemer of sy verteenwoordiger sal self elk van sy deelnemende duiwe agtereenvolgens uit sy mandjie verwyder en sal die duiwe se identifikasieringe blootstel aan 'n ringleser wat die nommer en ander identifikasie besonderhede op 'n ring aan 'n skryfbeampte uitlees.

(b) Die deelnemer of sy verteenwoordiger sal dan die duif se poot in 'n ringer of skandeerder plaas om 'n rubberring korrek aan die been van die duif aan te bring, of om die elektroniese ring se besonderhede deur die beampte te laat verifieer.

(c) Die skryfbeampte sal die nodige inskrywings op enige dokument waaroor hy vir rekorddoeleindes beskik, aanbring, en in die geval van

‘n elektroniese klok, die besonderhede soos voorgelees, vergelyk en verifieer met die besonderhede wat op die elektroniese klok se skerm vertoon word, asook met die besonderhede wat op die inskrywingsvorm verskyn.

(d) Die deelnemer of sy verteenwoordiger sal dan die rubber of elektroniese ring aan die duif se been aan 'n kontroleur wys wat, nadat die rubber of elektroniese ring op die voorgeskrewe wyse (artikel 79) geïnspekteer is, die deelnemer of sy verteenwoordiger sal aansê om die duif in die wedvlugkorf te plaas.

(e) Nadat die duif in die gespesifiseerde wedvlugkorf geplaas is, sal die deelnemer of sy verteenwoordiger sy oop hande aan die kontroleur van die korwe toon, en die kontroleur sal toesien dat die deelnemer of sy verteenwoordiger geen rubber of ander ring in enige hand hou nie. In die geval van ‘n elektroniese ring, behou die bestuurskomitee van die klub die reg om te enige tyd die deelnemer of sy verteenwoordiger te versoek om sy hande weer in die skandeerder te plaas.

(f) Die voorgaande prosedure sal herhaal word ten opsigte van elke deelnemende duif wat in enige wedvlug deur die deelnemer of sy verteenwoordiger self hanteer word.

(g) Indien daar ter enige tyd van die inkorf verrigtinge enigsins twyfel ontstaan oor die korrektheid van die prosedure, beskik die bestuurskomitee van die klub oor die mag om hulle te beroep op die bepalings en prosedure soos beskryf in artikel 78 en dan daardie bepalings verder toe te pas.

79. Nadat 'n duif van 'n rubberring voorsien, of die elektroniese ring besonderhede ge-verifieer is, maar net voordat dit in 'n wedvlugkorf geplaas word, moet 'n genomineerde deelnemer toesien dat elke duif 'n rubberring of elektroniese ring dra wat behoorlik om die duif se been geplaas is.

79A Die persoon wat die duif in die wedvlugkorf plaas moet dan direk nadat die duif in die korf geplaas is, sy hande oopmaak en dit toon aan die genomineerde deelnemer sodat daar bo alle redelike twyfel gesien kan word dat hy geen rubber of elektroniese ring in of aan sy hande het nie.

80. Dit is ontoelaatbaar vir 'n deelnemer of sy verteenwoordiger om die identifikasie ringnommers van sy eie duiwe tydens inkorwing aan die verifieerder van ringnommers uit te roep.

81 Al die oorspronklike wedvlug inskrywingsvorms van elke klub moet net nadat ingekorf is, aan die tesourier of wedvlugsekretaris van die klub besorg word wat moet verseker dat hierdie vorms in 'n toegeplakte koevert geplaas en voor die gepubliseerde loslatingstyd van die eerste wedvlug van die betrokke

naweek aan die tesourier of sekretaris van die Unie, of sy genomineerde, oorhandig word. Hierdie vorms sluit in die oorspronklike inskrywingsvorms sowel as die ondertekende gedrukte rekenaar drukstukke van die elektroniese klokke vir die betrokke wedvlug. Die tesourier of wedvlugsekretaris van die genomineerde klub moet verseker dat die deelnemer se naam, die elektroniese kloknommer, die klub antenna / klub eenheid / CAN se nommer, lukraak gegenereerde sekuriteitskodes, datum van inkorwing, tyd van inkorwing asook alle geregistreerde en ingekorfde duiwe se inligting wat op die drukstukke verskyn, duidelik leesbaar is.

82. Die korresponderende etikette van die rubberringe gebruik vir die ring van die duiwe van 'n deelnemer, moet in 'n afsonderlike koevert toegeplak en deur die klub in veilige bewaring gehou word totdat die deelnemer se klok gelees word.

83. Klubs word toegelaat om afsonderlik in te korf, maar wanneer die bestuurskomitee so 'n verordening uitvaardig, moet alle klubs gesamentlik inkorf op 'n plek en datum soos bepaal mag word.

## SEËLS VAN KORWE

84. Voordat duiwe vir 'n wedvlug ingekorf mag word, moet die groot uitlaatdeur van die wedvlugkorwe op die twee plekke met 'n loodseël verseël word. Nadat al die duiwe ingekorf is, moet die inlaatdeurtjies van die wedvlugkorwe ook met 'n loodseël verseël word voordat die korwe van die plek van inkorwing weggeneem mag word.

85. Die korwe moet vanaf die oomblik dat inkorwing 'n aanvang neem totdat dit op die voertuig wat die duiwe vervoer gelaai word, voortdurend onder toesig wees van minstens vier (4) deelnemers wat aan die betrokke naweek se wedvlugte deelneem.

85A Die bestuurskomitee beskik oor die mag om van tyd tot tyd spesiale voorskrifte met betrekking tot die plasing van korwe in die inkorf area, asook die seels van alle korwe, uit te vaardig. Dit geld veral wanneer daar meer as een wedvlug ingekorf word, of wanneer die inkorwing vir meer as een wedvlug gelyktydig plaasvind. Dit is elke deelnemer of sy verteenwoordiger se plig om homself ten volle te vergewis van hierdie voorskrifte en te verseker dat hierdie voorskrifte tydens inkorwing nagekom word.

## KLOKREËLS

86. Slegs klok tipes wat vooraf deur die bestuurskomitee goedgekeur is, mag gebruik word.

87. Alle klubs moet 'n klokkomitee bestaande uit minstens drie (3) lede benoem.

88. 'n Deelnemer wat met ’n handklok aan wedvlugte wil deelneem moet minstens veertien (14) dae, maar nie meer nie as een-en-twintig (21) dae voor die aanvang van die eerste wedvlug van enige reeks, sy klok in goeie werkende toestand inlewer by die klokkomitee van sy klub (hierna genoem die klokkomitee). Die klokke moet deur die klokkomitee nagesien, en alle handklokke moet opgewen, verseël en aan die gang gesit word op dieselfde wyse asof dit vir 'n wedvlug gereed gemaak word. Nadat twee (2) dae, maar nie meer as drie (3) dae verloop het nie, moet die handklokke weer op dieselfde wyse as na 'n wedvlug geslaan word. (Kyk artikels 93, 94 en 97). Indien daar gedurende die wedvlugreeks gevind word dat 'n klok nie aan die vereistes van die klokreëls voldoen nie, moet so 'n klok deur die betrokke eienaar, en vir sy koste, herstel word tot die bevrediging van die klokkomitee. Die klokkomitee moet voordat die klok na herstel gebruik word, op dieselfde wyse te werk gaan soos vooraf uiteengesit in hierdie bepaling.

89. Nadat ‘n handklok goedgekeur en verseël is, moet dit altyd verseël bly totdat die deelnemer besluit om nie verder aan 'n wedvlugreeks deel te neem nie. Slegs die klokkomitee mag hierdie seël breek en die klok weer van 'n vars seël voorsien. Die verpligting rus egter op alle deelnemers met handklokke om toe te sien dat wanneer hulle hul klokke wegneem, die klokke verseël is en verseël bly totdat die klokke weer aan die klokkomitee oorhandig word.

90. Seël tange van elke klub moet voortdurend deur die klub in veilige bewaring gehou word ten einde misbruik daarvan te voorkom.

91. Handklokke moet op die inkorfdag, maar nie later nie as die dag voor die datum van die wedvlug gestel en aan die gang gesit word, behalwe in 'n geval waar die klok defek raak wanneer oorgestel of opgetree word ooreenkomstig artikel 96.

92. Wanneer 'n handklok gestel word, moet die klokrol deur 'n lid van die klokkomitee geteken word, met vermelding van die deelnemer se naam, nommer van die klok, die naam van die wedvlug en die datum waarop die klok gestel is. Die deelnemer is geregtig om indien hy dit verkies ook die klokrol te teken. Wanneer hy dit doen, of verkies om dit nie te doen nie, word aanvaar dat hy tevrede is dat sy klok behoorlik opgewen is, daar genoeg papier op die klokrol is en dat sy klok korrek gestel en in orde is. Geen deelnemer mag sy eie handklok stel nie. Alle elektroniese klokke moet gestel word volgens die voorskrifte van die vervaardiger van die betrokke elektroniese klok.

93. Die klub antenna / klub eenheid / CAN / mandjie antenna moet voor inkorwing in ooreenstemming met die sesde tuut van die SAUK se radio tydsein of in ooreenstemming met die Meester Klokstelsel van die klub gestel word. Die handklokke moet gelyktydig in ooreenstemming met die sesde tuut van die SAUK se radio tydsein of in ooreenstemming met die Meester Klokstelsel van die klub, uitgeslaan word.

93A In die geval waar klubs ‘n Meester Klokstelsel gebruik, moet al die klubs se Meester Klokstelsels weekliks, maar nie meer as 72 uur voor inkorwing, met die sesde tuut van die SAUK se radio tydsein gesinchroniseer word.

94. Na handklokke ooreenkomstig artikel 93 geslaan is, moet die nasienslag, gelyktydig, binne vyf (5) minute geneem word. Hierdie slag mag nie meer as twee (2) sekondes verskil met die tyd waarop die teken vir die neem van die slag gegee is nie. Wanneer die teken vir die slag gegee word, binne die vyf (5) minute toegelaat, moet dit nie vooraf bepaal word nie en dit moet van tyd tot tyd afgewissel word, byvoorbeeld dit moet nie altyd na twee (2) of drie (3) minute presies op die minuut gegee word nie. Indien daar meer as twee (2) sekondes verskil is, moet so n klok oorgestel en op 'n volgende SAUK / Meester Klokstelsel tydsein geslaan word. Sien ook artikel 99 wat betref wie teenwoordig moet wees.

95. Gedurende die tydperk wat 'n klok vir een of ander wedvlug verseël is, het enige lid van die klokkomitee asook enige lid van die bestuurskomitee van die Unie, of 'n benoemde plaasvervanger die reg om so 'n klok te eniger tyd te ondersoek, en in die geval van ‘n handklok, 'n tydslag te maak, of die klok te inspekteer, en indien 'n defek gevind word, op te tree op 'n wyse wat goed geag word.

96. Ingeval dat 'n deelnemer se handklok, nadat dit vir 'n wedvlug uitgeslaan is, gaan staan of defek raak voor die aankoms van sy eerste duif, moet hy sy klok verseëld aan 'n lid van die klokkomitee besorg. Laasgenoemde het die bevoegdheid om die betrokke klok oor te stel wat dan volgens die radio tydsein / Meester Klokstelsel, tesame met 'n tweede klok wat nie gestop en gestel hoef te word nie, maar wat as kontrole dien, aan die gang gesit kan word, ooreenkomstig die bepalings van artikels 93 en 94. Die deelnemer mag ook by ’n mede deelnemer, of met ‘n ander klok wat volgens die korrekte voorskrifte van hierdie konstitusie vir die wedvlug voorberei is, sy duiwe klok

96A In die geval waar ‘n deelnemer vasstel dat sy elektroniese klok foutief is en dat die fout gelei het tot ‘n verlies van alle wedvlug registrasie besonderhede, en hierdie verlies het plaasgevind nadat die duiwe reeds ingekorf is, moet hierdie aangeleentheid so spoedig moontlik onder die aandag van die klub se wedvlugsekretaris gebring word, wat saam met die klok komitee van die betrokke klub die situasie moet evalueer en indien bevind word dat die deelnemer geen fout begaan het nie, mag die klok komitee van die klub eerstens ’n skyn wedvlug op die klok laai, sodat ’n klokvariasie aan die einde verkry kan word en daarna die oefenvlug fasiliteit op die klok aktiveer, sodat die deelnemer se duiwe vir die wedvlugte van die dag as ’n “oefenvlug” op sy elektroniese klok registreer. Die drukstuk van die “oefenvlug” moet verder hanteer word volgens dieselfde maatreëls as ‘n gewone wedvlug drukstuk. Sulke drukstukke van “oefenvlugte” mag deur die relevante bestuurskomitees aanvaar word as ’n amptelike rekord van die deelnemer se duiwe se aankomstye, mits die relevante bestuurskomitees na ’n volledige ondersoek

na die aangeleentheid, geen ongeruimdhede gevind het nie. Dit is die prerogatief van die bestuurskomitee om sulke insidente te bevraagteken en hulself te vergewis van die feite asook die omstandighede rondom die gebeure en te besluit of dit toelaatbaar is, al dan nie.

96B In die geval waar ‘n deelnemer se elektroniese klok tot so ’n mate foutief raak dat die klok onbruikbaar is, mag so ‘n deelnemer ’n reserwe elektroniese klok verkry en aan die klok komitee van sy klub oorhandig sodat die besonderhede van die deelnemer se duiwe vanaf die klub se rekenaarstelsel op die reserwe elektroniese klok gelaai kan word. Die klok komitee van die klub moet dan verder met die klok handel soos in artikel 96A hierbo omskryf.

97. Alvorens handklokke oopgemaak word, moet alle handklokke saam met 'n SAUK-tydsein / Meester Klokstelsel gelyktydig met die sesde tuut geslaan word, en 'n nasienslag moet binne vyf (5) minute in die teenwoordigheid van minstens vier (4) mededingende deelnemers geneem word. Eers nadat die genoemde slae geneem is, mag die klokkomitee die handklokke se seël breek en die klokke oopmaak. Handklokke mag op versoek van die deelnemer, op elke dag waarop en nadat duiwe daarmee geklok is, op dieselfde wyse geslaan word om die deelnemer te beskerm sou sy klok op ’n tweede of daaropvolgende inklokdag gaan staan. Indien die deelnemer verkies om van hierdie veiligheid slae gebruik te maak, dra die deelnemer self die risiko dat daar op ’n tweede of daaropvolgende inklokdag moontlik nie voldoende papier op sy klokrol of oop kompartemente op sy handklok beskikbaar is nie.

97A Drukstukke van die aankomstye moet vir alle elektroniese klokke gemaak word voordat enige data elektronies na die klub se persoonlike rekenaar oorgedra mag word.

98. Enige klokstrook van 'n handklok wat na tyd van inklok en voordat die klok geslaan word gaan staan, of van enige klok wat oopgemaak is voordat dit in ooreenstemming met 'n radiosein geslaan is, of wat middeldeur geskeur is op enige plek tussen die oop- en toemaak ponsgaatjies voordat die klok deur die klokkomitee oopgemaak is, mag nie aanvaar word nie.

98A Enige elektroniese klok se drukstuk van die aankomstye, waarop ‘n verskillende sekuriteitskode of klub antenna / mandjie eenheid / CAN nommer vertoon word as die nommer wat tydens inkorwing gegenereer en op die oorsponklike inkorwing drukstukke gedruk is, moet na die bestuurskomitee van die Unie verwys word vir besluitneming.

99. Wanneer 'n handklok geslaan of oopgemaak word, of ‘n elektroniese klok se wedvlug kloktye word uitgedruk, moet minstens vier (4) mededingende deelnemers teenwoordig wees, met uitsondering in die geval van artikel 96. 'n Deelnemer is geregtig om teenwoordig te wees wanneer sy klok oopgemaak

of sy wedvlug kloktye uitgedruk word. Die verantwoordelikheid berus egter by die deelnemer wat self moet toesien dat hy, of sy verteenwoordiger, teenwoordig is ten tye van die oopmaak van die klok of die druk van die kloktye. Indien die deelnemer nie van hierdie voorreg gebruik maak nie, word aanvaar dat dit met sy goedkeuring geskied.

100. Handklokstroke word altyd tot nadeel na die volgende of vorige sekonde gelees en klokvariasie word bepaal op die tydseinslae vir nasien of uitslaan.

100A. Geskrap.

101. Ingeval 'n handklok meer as drie (3) sekondes per uur wen, word die variasie buite rekening gelaat. Ingeval 'n handklok meer as drie (3) sekondes per uur verloor, moet dubbel die tyd verloor bygetel word by die berekening van klokvariasie. Let wel: Die gerekenariseerde spoedberekeningsprogram van die Unie maak outomaties voorsiening vir sulke penaliserings.

101A Indien ‘n elektroniese klok ‘n afwyking toon van meer as tien (10) sekondes gedurende ‘n vier-en-twintig (24) uur periode, moet die klokkomitee die deelnemer in kennis stel dat sy klok foutief is en dat die betrokke klok by ‘n herhaling van so ’n afwyking, gediskwalifiseer sal word.

102. Indien 'n kompartement waarin 'n rubberring veronderstel is om te wees, leeg is of 'n verkeerde rubberring in daardie kompartement geplaas is wanneer die handklokke oopgemaak word, moet die tyd op die klokrol wat met daardie kompartement ooreenstem, gekanselleer word. Die vereiste twee (2) tydslae soos in artikels 93 en 94 omskryf, moet op elke handklok se klokrol verskyn..

103. Ruberringe moet behoorlik in die kompartement of doppie daarvoor bedoel, geplaas word. Wanneer die kokkomiteelid die rubberring uithaal, moet hy oortuig wees dat dit geheel en al in die kompartement of doppie was waarin dit moet wees.

104. Die rubberring se reeks- en kontrolenommer moet nagesien word met die van die papieretiket en met dit wat in die wedvluginskrywingsboek aangeteken is. Indien die nommer in die wedvluginskrywingsboek verskil met die rubberringnommer, moet die nommer aan die binnekant van die rubberring vergelyk word met die nommer aan die binnekant van die etiket. Indien hierdie nommers ooreenstem moet 'n aantekening tot dien effekte gemaak word.

104A Die besonderhede op die drukstuk van aankomstye van alle elektroniese klokke moet gekontroleer word met ’n afskrif van die inskrywingsvorm van die betrokke deelnemer. Enige afwyking moet duidelik aangeteken word en die klokkomitee en die wedvlugsekretaris van die klub moet die afwyking verstaan en die verduidelikings daarvoor aanvaar.

105. Indien dit gebeur dat 'n beampte by die inskryf van 'n rubberringnommer in die wedvluginskrywingsboek van ’n deelnemer 'n fout begaan, kan die bestuur van die betrokke klub, indien daarvan oortuig dat geen onreëlmatighede plaasgevind het nie, sodanige fout kondoneer en die prestasie toeken. Die bepalings van artikel 104 is ook hier van toepassing en moet streng nagekom word.

106. Alle rubberringe met papieretikette met betrekking tot duiwe wat in die klub uitslae voorkom, moet tesame met die klub uitslae, klokstroke en drukstukke van aankomstye van alle elektronies klokke, binne drie (3) dae na klokke geslaan is, aan die wedvlugsekretaris van die Unie oorhandig word. Hierdie stukke moet vir minstens twee (2) maande deur die wedvlugsekretaris van die Unie veilig bewaar word waarna dit vernietig mag word.

107. Indien daar op die Saterdag klokke geslaan word en 'n klub het op die daaropvolgende Dinsdagoggend nog nie die vereiste klub uitslae tesame met klokstroke en drukstukke van aankomstye van alle elektroniese klokke asook die rubberringe met papieretikette in besit van die wedvlugsekretaris van die Unie gestel nie, moet die wedvlugsekretaris van die Unie die betrokke klub se voorsitter, of indien hy nie beskikbaar is nie, 'n amptenaar van die klub per telefoon in kennis stel dat die vereiste stukke nog nie ontvang is nie. Die wedvlugsekretaris van die Unie sal dan aan die voorsitter van die Unie bevestig dat die betrokke klub in kennis gestel is.

108. Indien daar op die Sondag of Maandag klokke geslaan word, sal dieselfde prosedure soos hierbo vermeld, op die daaropvolgende Woensdag of Donderdag gevolg word.

109. Indien ’n klub se uitslae, nadat genoemde maatreëls in artikels 107 of 108 getref is, nog nie betyds volgens artikel 106 ontvang word nie, sal die klub vir daardie bepaalde wedvlug se Unie uitslae buite rekening gelaat word.

110. Elke klub moet op elke dag waarop daar duiwe geklok word, maar waar die wedvlug nie gesluit word en die volledige uitslae by die Unie indien word nie, die kloktye van die eerste drie (3) duiwe sowel as die kloktyd van die laaste duif vir elke wedvlug van die dag, voor 22.00 by die Unie se wedvlugsekretaris aanmeld.

111. Indien 'n klok, of klokstrook of drukstuk van aankomstye van elektronies klokke of rubberringe nie aan die vereistes van artikels 88 - 110 voldoen nie, moet die aangeleentheid met verstrekking van volle besonderhede, binne vier-en-twintig (24) uur na die gebeure aan die bestuurskomitee van die Unie vir 'n beslissing voorgelê word.

111A In die geval waar ‘n deelnemer van ‘n elektroniese klokstelsel gebruik maak, is dit die deelnemer se verantwoordelikheid om te verseker dat sy stelsel se hardeware en sagteware aanpasbaar is met die wat deur sy klub gebruik

word, en slegs stelsels soos deur die bestuurskomitee van die Unie goedgekeur, mag gebruik word.

111B Dit is elke klub se verantwoordelikheid om te verseker dat die elektroniese stelsels by die klub op ‘n korrekte en veilige manier gebruik word deur deurlopend te verseker dat of die laaste beskikbare weergawe van die sagteware, of die onmiddellike voorafgaande weergawe van die sagteware op alle lede se elektroniese klokke en die klub stelsel gelaai is. Dit bly egter die Unie se prerogatief om aan te dring op die gebruik van ‘n spesifieke weergawe van die sagteware op elektroniese klokke.

111C Dit is elke deelnemer wat van ’n elektroniese klok gebruik maak, se verantwoordelikheid om te sorg dat die duiwe waarmee hy van voorneme is om aan wedvlugte deel te neem, ten minste veertien (14) dae voor die aanvang van die wedvlugte van ’n spesifieke reeks, volgens die voorgeskrewe prosedure van die Unie op sy elektronies klok geregistreer word.

111D Indien ‘n deelnemer kragtens artikel 43A goedkeuring ontvang om met ’n tweede span duiwe aan wedvlugte deel te neem, of wanneer daar twee verskillende deelnemers vanuit dieselfde hok aan wedvlugte deelneem, moet die wedvlugsekretaris van die betrokke klub dienooreenkomstig ingelig word en voorsien word van lyste met volle besonderhede van die duiwe van elke span of verskillende deelnemer. Die wedvlugsekretaris van die betrokke klub moet die nodige kontrole maatreëls instel om te verseker dat duiwe van die twee spanne nie van tyd tot tyd omgeruil word of dat die verskillende deelnemers met mekaar se duiwe aan wedvlugte deelneem nie. Besonderhede van sulke deelnemers moet ook voor die aanvang van die wedvlug seisoen aan die Unie gekommunikeer word.

111E Die wedvlugsekretaris van elke klub moet vir elke afsonderlike span van elke deelnemer wat van ’n elektroniese klok gebruik maak, ‘n drukstuk van elke span se duiwe wat op sy elektroniese klok geregistreer is, voorberei en teen die naweek van die eerste wedvlugte van ’n nuwe seisoen of reeks, aan die wedvlugsekretaris van die Unie besorg. Nuwe drukstukke moet voorberei en oorhandig word elke keer wanneer ’n verandering aan die besonderhede op die elektroniese klok van ‘n deelnemer aangebring word. Hierdie veranderinge behels die herlaai van duiwe of herkoppeling van elektroniese ringe aan spesifieke duiwe.

111F Geskrap

.

111G Die wedvlugsekretaris van die Unie mag te eniger tyd ‘n drukstuk maak van die duiwe wat op ’n deelnemer se elektronies klok gelaai is en die data op die drukstuk vergelyk met die data op die jongste drukstuk van die betrokke deelnemer wat in sy besit is. Indien daar verskille gevind word tussen die data op die drukstukke, mag die betrokke deelnemer se klok tydelik

gediskwalifiseer word totdat die situasie herstel is. In sulke gevalle moet die volledige besonderhede van die aangeleenthede binne vier-en twintig (24) uur na die ontdekking van die verskille aan die Unie se bestuurskomitee voorgelê word vir ’n finale beslissing.

111H Geen deelnemer mag na die aanvang van die wedvlugte in ’n seisoen of reeks, sonder die teenwoordigheid van minstens een klub bestuurslid, self wysigings aanbring aan die data op sy elektroniese klok nie.

111I Alle data van alle lede se elektroniese klokke moet, nadat alle duiwe geregistreer en die elektroniese ringe gekoppel is, op een sentrale plek binne klub verband op ’n rekenaar geplaas word vir veiligheid, rugsteun en sekerheid van inligtinge. Die Unie se bestuurskomitee het die reg om ter enige tyd inspeksie te doen oor die aangeleentheid en die spesifieke rekenaar te inspekteer en drukstukke van die relevante inligting te maak.

111J Die skandeer stelsel van deelnemers wat van elektroniese klokke gebruik maak, moet veertien (14) dae voor die aanvang van elke wedvlugseisoen deur ’n bestuurslid van die sy klub nagegaan word om te verseker dat die stelsel volgens die SANPO voorskrifte geïnstalleer en verseël is.

.

111K Elke deelnemer se elektroniese klok nommer en die sekuriteitsseël aan die kant van die klok, asook die seel nommer van die skandeer stelsel by die hok, moet deur die klub se wedvlugsekretaris in ‘n register aangeteken word en ten alle tye beskikbaar wees vir inspeksie deur die Unie se bestuurskomitee.

111L Die inligting soos na verwys in artikel 111K, sal op ‘n deurlopende basis gebruik word om die integriteit van elke deelnemer se elektroniese klokstelsel te kontroleer en enige onverklaarde afwyking kan lei tot ‘n deelnemer se diskwalifikasie. Dit is die deelnemer se verantwoordelikheid om te verseker dat sy elektroniese klokstelsel se sekuriteit seëls volledig gedokumenteer word elke keer as daar ’n wysiging aangebring of ’n komponent by sy stelsel bygevoeg word. Die deelnemer moet ook verseker dat alle wysigings en byvoegings onder toesig en beheerde toestande plaasvind met die medewete en goedkeuring van die klokkomitee van die klub waarvan hy lid is. Veranderinge en byvoegings moet aangebring en in die betrokke register aangeteken word, voor die aanvang van die wedvlug waarin die veranderinge of byvoegings vir die eerste keer gebruik gaan word. (*Veranderings in die konfigurasie kan wees as gevolg van ‘n nuwe skandeerder by die hok, nuwe genommerde seëls, ‘n nuwe elektroniese klok. Herstelwerk aan ‘’n deelnemer se elektroniese klok wat aanleiding gee tot nuwe sekuriteitsreëls, ens.)*

111M Dit is die deelnemer se verantwoordelikheid om elektroniese ringe te gebruik wat aanpasbaar is by die klub se stelsel en wat deur die vervaardiger van die klok goedgekeur is.

111N Elke deelnemer aanvaar aanspreeklikheid vir enige foute met sy elektroniese klokstelsel, asook die weiering van sy stelsel om elektroniese ringe met die tuiskoms van sy duiwe vanaf ‘n wedvlugte, of tydens registrasie, te lees.

111O In die geval van ‘n kragonderbreking of weiering van die skandeerstelsel om die elektroniese ring te lees, is dit toelaatbaar om die duif na die naaste mede deelnemer met dieselfde tipe elektroniese klok te neem en die duif deur middel van die “Oefenvlug” fasiliteit op die buurman se elektroniese stelsel te klok. Die wedvlugsekretaris van die klub moet na die wedvlug die betrokke duif se elektroniese ring by die klub deur middel van die klubeenheid lees ten einde die duif se identifikasie ring te identifiseer. Indien ‘n positiewe identifikasie gemaak kan word, moet die wedvlugsekretaris al die besonderhede en drukstukke binne vier-en-twintig (24) uur aan die Bestuurskomitee van die Unie verskaf vir ’n finale beslissing.

111P Die bestuurskomitee van elke klub moet verseker dat die klub se eenhede vir registrasie en wedvlug beheer ( klub antenna / klub eenheid / CAN ) en alle sekuriteit sleutels te alle tye op ‘n sentrale plek onder slot en grendel is waar enige Unie bestuurslid of amptenaar dit gedurende ’n wedvlug seisoen kan inspekteer. ’n Deelnemer mag onder geen omstandighede onbeheerde toegang verkry tot hierdie stelsels, sonder dat die nodige beamptes van die betrokke klub, teenwoordig is nie.

111Q Alle privaat klub antenna / klub eenheid / CAN / inkorf eenhede, moet aan die bestuurskomitees van die klub en Unie verklaar word. Eienaars van sulke privaat toerusting is verplig om op versoek van die bestuurskomitee van die Unie, sulke toerusting in te handig vir veilige bewaring.

111R Enige deelnemer wat ‘n privaat klub antenna / klub eenheid / CAN / inkorf eenheid besit en die toerusting nie skriftelik verklaar aan die bestuurskomitee van sy klub nie, stel homself bloot aan dissiplinêre optrede deur die Unie se bestuurskomitee.

## BEPALING VAN AFSTANDE

112 Aansoeke om die opneem van hok koördinate moet ten minste veertien (14) dae voor die aanvang van die eerste wedvlug van die seisoen by die Unie wedvlugsekretaris ingedien word.

113. Deelnemers wat ooreenkomstig artikel 112 aansoek gedoen het, sal tot tyd en wyl die koördinate volgens ‘n goedgekeurde GPS stelsels bepaal is, toegelaat word om mee te ding volgens die afstande van 'n hok waarvan die afstande reeds bekend is en welke afstande tot die minste nadeel van die deelnemer sal strek.

114. Geskrap.

115. Wanneer 'n deelnemer se hok verder as twintig (20) meter verskuif word, moet hy opnuut aansoek doen vir opneem van nuwe hok koördinate.

116. Slegs afstande wat deur die amptelike uitslag program van die Unie bereken is, word aanvaar..

**VERVOER, BEGELEIDING EN LOSLATING VAN DUIWE**

117. Duiwe word met vervoer wat deur die Unie bestuurskomitee georganiseer is, vir oefenvlugte en wedvlugte vervoer.

118. 'n Amptelike begeleier (wat ook die vragmotorbestuurder mag wees) en wat deur die Unie bestuurskomitee aangestel word, is in bevel van die vragmotor wat gebruik word vir die vervoer, versorging en loslating van die duiwe.

119. Klubs word afsonderlik verantwoordelik gehou vir die invordering van vervoerkoste en die oorbetaling daarvan aan die Unie, ooreenkomstig die tariewe wat van tyd tot tyd deur die bestuurskomitee van die Unie vasgestel word. Indien ‘n klub in gebreke bly om die vervoerkoste teen vooraf gestelde teikendatums aan die Unie oor te betaal, sal dissiplinêre aksie teen die betrokke klub geneem word.

120. Duiwe kos wat tydens wedvlugte gebruik word, word deur die Unie voorsien en betaal.

121. Loslatingstye sal deur die bestuurskomitee van die Unie bepaal word, met dien verstande dat slegs onder omstandighede buite beheer, ‘n wedvlug loslating op 'n Sondag sal plaasvind. Loslatingstye word met inagneming van weersomstandighede en die loslatingstye van organisasies waarmee daar gesamentlike loslatings plaasvind, vasgestel.

122. Loslating vir elke bepaalde wedvlug moet gesamentlik en gelyktydig plaasvind.

123. Die presiese tyd van loslating, die weersomstandighede op daardie oomblik asook die Geografiese Posisionering Stelsel (GPS) koördinate van die loslatingspunt moet deur die begeleier aangeteken word. Hierdie besonderhede moet so gou moontlik nadat die loslating plaasgevind het per sellulêre foon aan ’n genomineerde persoon wat deur die Unie bestuurskomitee aangewys word, gekommunikeer word.

124. Die loslatingstyd, die weersomstandighede op daardie oomblik asook die Geografiese Posisionering Stelsel (GPS) koördinate van die loslatingspunt moet ook op die begeleier se verslagvorm aangeteken word en hierdie vorm word na aankoms in Pretoria aan die genomineerde persoon oorhandig.

125. Die genomineerde persoon wat die loslatings verslae ontvang, moet na ontvangs van die loslating boodskap, die inhoud daarvan per SMS boodskap aan een genomineerde deelnemer van elke klub kommunikeer. Sodanige genomineerde deelnemer van elke klub moet op sy beurt die boodskap per SMS aan al die ander deelnemende lede van sy klub kommunikeer.

126. Slegs die Unie voorsitter of sy gemagtigde word toegelaat om opdragte aan die begeleier te gee op skrif.

127. In geval van enige onreëlmatigheid gedurende die vervoer of loslating van die duiwe, moet die begeleier 'n skriftelike verslag indien oor al die gebeur vanaf die tyd van sy vertrek vanaf die eerste oplaaipunt waar duiwe opgelaai word tot en met sy terugkeer in Pretoria. Hierdie verslag moet by die Unie voorsitter ingedien word binne agt-en-veertig (48) uur nadat die begeleier in Pretoria arriveer het.

**OORNAGWEDVLUGTE**

128. Die Unie se wedvlugsekretaris sal die amptelike sonsopkoms en sonsondergang tye vir Pretoria vir die tydperk 1 Augustus tot 31 Oktober vanaf ’n betroubare bron verkry en ‘n afskrif daarvan aan die wedvlugsekretaris van elke klub voorsien.

128A Die wedvlug vir die dag sal vyf-en-veertig (45) minute na amptelike sononder sluit en heropen vyftien (15) minute voor amptelike sonsopkoms die volgende dag. Indien een of meer duiwe na amptelike sluiting , maar voor middernag geklok word sal die kloktyd van sulke duiwe sowel as die tyd vir heropening van die wedvlug die volgende oggend dertig (30) minute voor die amptelike sonsopkoms tyd wees.

129. Indien een of meer duiwe na middernag en meer as vyftien (15) minute voor sonsopkoms geklok word, dan sal die wedvlug dertig (30) minute voor sonop heropen en die kloktyd van sulke duiwe sal aangepas word na vyftien (15) minute voor sonsopkoms.

130. (a) Elke deelnemer moet die rapporteer beampte van sy klub (hierna die genomineerde genoem) binne 30 minute nadat ’n duif geklok is, in kennis stel van die benaderde kloktyd van elke duif wat gedurende nag-ure, dit wil sê tussen vyf-en-veertig (45) minute na die amptelike sonsondergang en vyftien (15) minute voor amptelike sonsopkoms, geklok word. Dieselfde rapporteer vereiste geld vir enige ander wedvlug wat deur die Bestuurskomitee as ‘n rapporteringswedvlug aangedui word. Wanneer ’n duif egter na 22.00 outomaties deur ’n deelnemer se elektroniese klokstelsel geklok word, word ’n vergunning gemaak en mag die deelnemer die geklokte duif enige tyd tot en met sonop, rapporteer.

(b) Die genomineerde moet op sy beurt binne 30 minute nadat die eerste duif aan hom gerapporteer is, die kloktyd van die eerste drie (3) duiwe wat aan hom verstrek is aan die wedvlugsekretaris van die Unie rapporteer, met dien verstande dat indien enige beter kloktye aan die genomineerde gerapporteer word, hy sodanige beter tye aan die wedvlugsekretaris van die Unie moet rapporteer.

(c) Die genomineerde moet die gerapporteerde kloktye asook die tye waarop deelnemers kloktye aan hom gerapporteer en hy aan die wedvlugsekretaris van die Unie gerapporteer het aanteken. Die dokument waarop hierdie tye aangeteken is, moet deur die genomineerde gesertifiseer word as korrek en saam met die klub se uitslag van die bepaalde wedvlug by die wedvlugsekretaris van die Unie ingelewer word.

131. Indien daar op loslatingsdag duiwe tuis is, maar klokke nie gelees word nie omdat daar nie voldoende duiwe geklok is om al die plekke te vul nie, moet die kloktye van die eerste drie (3) duiwe in elke wedvlug van die dag, asook van die kloktyd van die laaste duif wat op die betrokke dag in die klub geklok is, asook die totale aantal duiwe wat in elke wedvlug geklok is, voor 22h00 deur die klub aan die wedvlugsekretaris van die Unie vermeld word. Dieselfde geld vir die opeenvolgende dae indien die wedvlug nog oop is.

132. 'n Wedvlug sluit af ooreenkomstig die wenduif se kloktyd en afstand gevlieg van die vêrste deelnemer in die Unie, waarby getel word die getal ure soos hieronder uiteengesit:

(a) tot 900 km : 24 uur (donker ure ingesluit);

(b) bo 900 km ; 48 uur (donker ure ingesluit).

**ALGEMEEN**

133. Geen klub word toegelaat om 'n wedvlug te organiseer tensy vooraf toestemming van die bestuurskomitee van die Unie verkry is nie.

134. Dit is verpligtend dat elke klub in wedvlugte meeding onder die wedvlug- en klokreëls van die Unie en nie dié van sy eie nie. Beslissings van die bestuurskomitee oor enige aangeleentheid wat die Unie raak, is derhalwe ook van toepassing en bindend vir elke geaffilieerde klub.

135. 'n Deelnemer word nie toegelaat om met dieselfde afstande na meer as een hok in wedvlugte mee te ding nie, tensy sodanige hokke nie meer as twintig (20) meter van mekaar geleë is nie. Indien die hokke meer as twintig (20) meter uit mekaar geleë is, moet daar afsonderlike afstande vir elke hok bepaal word.

136. Die beperking op die getal duiwe wat deur die deelnemers vir wedvlugte ingeskryf mag word, sal van tyd tot tyd deur die bestuurskomitee bepaal word.

137. Die wenduif van elke wedvlug in elke klub moet so gou moontlik deur twee genomineer mede deelnemers nagegaan word wat dan aan die klub verslag doen oor die ring besonderhede van die duif wat deur die eienaar aan hulle getoon is. Die duif moet ook in daglig minstens twintig (20) meter weg van die betrokke deelnemer se hok losgelaat word om vas te stel of die duif na die hok terugkeer.

137A Die Unie bestuurskomitee is geregtig om ‘n instruksie uit te vaardig wat mede deelnemers wat ‘n wenduif kontroleer, magtig om die elektroniese klok stelsel van die wenner op ‘n oefenvlug basis te aktiveer sodat daar ’n kontrole uitgevoer kan word oor die besonderhede wat deur die skandeerder gelees en op die elektroniese klok vertoon word. Dit sal vereis dat die duif uitgelaat word en toegelaat word om oor die skandeerstelsel te loop terwyl die elektroniese klok gekoppel en die kragtoevoer aangeskakel is.

137B. Onmoontlike Spoed:- Indien enige duif in enige wedvlug ’n spoed behaal wat, gegewe die omstandighede op die betrokke dag, deur die Bestuurskomitee as ’n onmoontlik spoed beskou word, beskik die Bestuurskomitee oor die mag om so ’n duif vir die betrokke wedvlug te diskwalifiseer, al sou daar geen bewyse bestaan wat dui op oneerlikheid deur die betrokke deelnemer nie.

138. 'n Wedvlug of oefenvlug word slegs gekanselleer wanneer die bestuurskomitee so besluit, maar vervoergeld word onder geen omstandighede terugbetaal nie.

139. Wedvluguitslae, in volgorde van plekke behaal, met vermelding van die naam van die deelnemer, duif se ringnommer, die kloktyd, die afstand gevlieg en die spoed van die duif, moet so spoedig moontlik na die wedvlug aan elke klub beskikbaar gestel word.

140. Enige besware teen foute wat in die uitslae voorkom, moet binne sewe (7) dae na publikasiedatum daarvan skriftelik by die wedvlugsekretaris ingedien word.

141. Geskrap.

142. Enige geskille in verband met die Unie se wedvluguitslae moet vir beslissing na die Unie se bestuurskomitee verwys word, wie se beslissing finaal en bindend is.

143. Die Derbywedvlug vir jaaroudduiwe sal oor 'n afstand van ongeveer 630 km plaasvind.

144. Geskrap.

## WYSIGING VAN GRONDWET

145. Die bepalings wat hierin vervat is, kan gewysig word deur nie minder nie as 75% van die deelnemers wat teenwoordig is by 'n algemene jaarvergadering of spesiale algemene vergadering wat vir daardie doel belê is, met dien verstande dat die presiese terme van enige voorgestelde wysiging uiteengesit moet word in die kennisgewing waardeur die vergadering belê word.

## ONTBINDING VAN UNIE

146. Die Unie kan ontbind word of saamsmelt met 'n ander organisasie met soortgelyke doelstellings, maar in elke geval slegs kragtens 'n besluit geneem deur tagtig (80) persent van die deelnemers wat by 'n behoorlik gekonstitueerde algemene vergadering van deelnemers teenwoordig is.

147. By samesmelting gaan die Unie se bates oor na die organisasie waarmee saamgesmelt word.

148. By ontbinding moet die bates van die Unie se gelde saamgestel word deur 'n likwidateur wat deur 'n algemene vergadering of die Hof, soos die geval mag wees, aangestel is, en die opbrengs moet gaan aan die Veeartsenystigting, Pk. Onderstepoort.

## BESLEGTING VAN GESKILLE EN VERTOLKING VAN GRONDWET

149. Indien enige bepaling van hierdie grondwet nie nagekom word nie en enige geskille as gevolg daarvan ontstaan, moet dit na die bestuurskomitee verwys word wie se beslissing finaal en bindend sal wees.

150. In die geval van twyfel met betrekking tot die betekenis of toepassing van enige van die bepalings van hierdie grondwet of enige verordening wat daar kragtens opgestel is, is die vertolking van die bestuurskomitee finaal en onweerlegbaar, met dien verstande dat waar daar 'n teenstrydigheid tussen die Afrikaanse en Engelse bewoording is, of skyn te wees, die bestuurskomitee in die uitoefening van sy magte ingevolge hierdie artikel dit moet vertolk op 'n wyse wat so ver moontlik met beide bewoordings versoenbaar is.